

In memoriam

—

Professor Marius Swart (28 November 1931 - 14 Desember 2007) “Historikus, akademikus en mens-mens”

Professor Marius Swart (76) en sy vrou Yvonne (75) is op 14 Desember 2007 op slag dood toe hulle motor omstreeks 16:00 tussen Standerton en Amersfoort reg van voor teen ’n steenkoolvragmotor gebots het. Hy sou ’n Gelofte dagtoespraak in Ermelo lewer.

Professor Swart was ’n gewilde geleentheidspreker en het oor dekades heen honderde toesprake en voordragte oor die lengte en breedte van Suid-Afrika gelewer. Sy laaste toespraak in die Oos-Kaap was op 29 September 2007, toe hy as hoofpreker by die graf van ’n Boerekryger te Uitenhage opgetree het. Soos altyd was hy goed voorbereid en het die aanwesiges opnuut weer onder die indruk gekom van die feit dat professor Swart alles feil vir die Afrikanervolk gehad het.

Hy was ’n historikus, maar ook ’n volks-, kerk-, gemeenskaps- en gesinsman, ’n ware Renaissance mens met ’n wye belangstellingsveld. Hy het uitgemunt in sy veelsydigheid en kon ’n storie soos min ander vertel. Professor Swart was dus nie ’n akademikus wat hom in ’n ivoortoring opgesluit het nie – hy het vir sy medemens geleef en op die ou einde sy lewe in diens van sy volk afgeleê.

Marius Johannes Swart is op 28 November 1931 te Windhoek gebore. Hy het sy BA, MA (*cum laude*) en DPhil (op 25 jaar) aan die Universiteit van Pretoria behaal. Hy het verskeie akademiese toekennings, naamlik die Uniebeurs na Utrecht, Nederland vir ná-doktorale studie (1956-1957), die Carnegie-beurs na die VSA en Kanada (1969) en die “British Travel Grant” na die Verenigde Koninkryk (1976) ontvang.

Sy loopbaan het oor meer as 40 jaar gestrek. Hy was onderwyser (1954-1956), lektor in Geskiedenis aan Unisa (1958), senior lektor aan die Universiteit van Stellenbosch (1959-1961), senior lektor en hoof van die departement Geskiedenis, Universiteit van Wes-Kaapland (1962-1964) en sedert 1965 tot en met sy aftrede in Desember 1996 departementshoof aan die Universiteit van Port Elizabeth.

Professor Swart was 'n besonder produktiewe historikus. Sy omvattende skryfwerk het alle kategorieë van die vak ingesluit. Ver al sy boeke oor die Algemene Geskiedenis in Afrikaans het in 'n groot behoefte voorsien. Hy was byvoorbeeld medeskrywer van *Uit ons wording, grepe uit die geskiedenis van Wes Europa en Suid Afrika* (1963), *Die Westerse ontplooiing* (1971) en *Tussen absolutisme en rewolusie* (1967). Hy het ook wyd gepubliseer oor fasette van die Afrikaner se geskiedenis en die Afrikaanse kultuurlewe. Van die werke wat hy alleen geskryf het, is *Geloftedag* (1961) en *Ons voortbestaan. Die kultuurstrewe van die Afrikaner* (1987). Hy was die medeskrywer van onder meer *Vyftig jaar volksdiens. Die geskiedenis van die FAK, 1929 1979* (1979) en voorsitter van die redaksiekomitee asook medeskrywer van die FAK se *Afrikaanse Kultuur Almanak* (1980) en *Afrikanerbakens* (1989).

Sy groot verdienste lê daarin dat hy Geskiedenis vir die algemene publiek meer toeganklik en verstaanbaar gemaak het. Benewens sy twintigtal artikels in vaktydskrifte, het hy méér as 300 artikels in populêre tydskrifte en koerante geskryf – in Afrikaans en Engels. Hy het dan ook gereeld oor die radio en televisie in 'n verskeidenheid programme opgetree.

Hy was oor die jare heen landswyd intiem by die georganiseerde Afrikaanse kultuur betrokke. Hy was lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en ook voorsitter van die Werkgemeenskap Oos-Kaap van die Akademie. Hy was lid van die Hoofbestuur van die FAK en ook voorsitter van die Geskiedeniskomitee van die FAK. Hy het verder 6 jaar lank as voorsitter van die nasionale Rapportryerbeweging gedien. Benewens al sy akademiese verpligtinge was professor Swart die nasionale voorsitter van die landswye herdenking van die Groot Trek ná 150 jaar in 1988.

Professor Swart het verskeie eretoekennings in sy lang loopbaan van diens ontvang, onder meer van die FAK en die Rapportryerbeweging. Hy het ook op plaaslike vlak diep spore in die Afrikaanse kultuurlewe getrap. Hy was oor vele jare aktief in 'n leidende posisie by die Afrikaanse Kultuurraad van Port Elizabeth en die Port Elizabethse Afrikaanse Amateur Toneelvereniging betrokke. Hierdie verenigings het hom dan ook met oorkondes vereer.

Marius Swart was getroud met 'n studentemaat, Yvonne Wessels. Hulle word deur vyf kinders en dertien kleinkinders oorleef.

Die gedenkdiens van Marius en Yvonne Swart is op 21 Desember 2007 in die NG Gemeente Somerstrand gehou. Hulle was oor die jare heen

Pretorius

meelewende lidmate van dié gemeente. Professor Swart het die gemeente se geskiedenis in 'n brosjure opgeteken en gereeld bydraes vir die kwartaallikse gemeentebled gelewer.

Die familiebrief met die gedenkdiens van Marius en Yvonne Swart het onder meer gemeld: “Hulle het die Woord en die voorbeeld van die huwelik, gesin, familie en gemeenskap geleef.” Hulle was intens betrokke by elke kind en kleinkind. Professor Swart was méér as net 'n historikus en akademikus. Sy nagedagtenis sal bly voortleef omdat hy 'n mens-mens was. Vir 38 jaar was hy my kollega en vriend. Dit was mooi en verrykende jare.

Otto Terblanche

Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit